



# Verhale Van Regoor die Wêreld

Hoekom die  
Son en die  
Maan in die  
Lug Woon



Afrika Volksverhaal

# *Baie Fare Gelede...*

... was die son en water groot vriende, en hulle albei het saam op die aarde gewoon. Die son het dikwels die water besoek, maar die water het nooit die besoeke terugkeer nie.





Uiteindelik het die son vir water gevra hoekom hy hom nooit besoek het nie. Die water het geantwoord dat son se huis nie groot genoeg was nie, en as hy met al sy mense kom, hy son uit sy huis sal verdryf.



Die het water toe gesê: "As jy wil hê ek moet jou besoek, sal jy 'n baie groot huis moet bou. Maar ek waarsku jou dat dit baie groot sal moet wees, want my mense is baie en hulle neem baie ruimte".




Die son het belowe om 'n baie groot huis te bou, en kort  
daarna het hy teruggekeer huis toe na sy vrou, die maan,  
wat hom met 'n breë glimlag gegroet het.





Die son het maan vertel wat hy die water belowe het, en die volgende dag, het hulle 'n groot huis begin bou om die water en al sy mense te vermaak.



Toe dit klaar was, het die son vir die water gevra om vir hom te kom kuier. Toe die water daar aankom, het een van sy mense na die son geroep, en hom gevra of dit veilig sou wees vir die water om in te gaan, en die son het geantwoord, "Ja, sê vir my vriend om in te kom."





Die water het begin instroom, gevolg deur die visse en al die ander waterdiere.





Baie gou was die water kniediep in die huis, so hy het die son gevra of dit nog veilig was, en die son het weer, "Ja," gesê so meer van hulle het ingekom.



Toe die water op die hoogte van 'n man se kop was, het die water vir die son gesê: "Wil jy hê meer van my mense moet kom?"

Omdat hulle nie van beter geweet het nie, het die son en die maan albei "Ja" gesê.





Al hoe meer van die water se mense het ingekom, totdat die son  
en die maan bo-op die dak gesit het.





Die water het weereens vir die son gevra of dit nog reg is om aan te hou inkom. Die son en maan het ja geantwoord, so meer en meer van die water se mense het ingekom.





Die water het gou bo-op die dak oorgeloop, en die son en die maan was gedwing om in die lug op te gaan.



... en hulle is sedertdien daar.

# *Die Einde*







THINK

DIGITAL ACADEMY